

Die belofte



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 22, Hebreërs 11:17, Levitikus 18:21, Johannes 1:1-3, Romeine 5:6-8, Genesis 23-25, Romeine 4:1-12.

Geheeteks: “Abraham was al baie oud, en die Here het hom in alles geseën” (*Genesis 24:1, NAB*).

Uiteindelik, net soos God belowe het, baar Sara vir Abraham ’n seun, “toe hy al oud was” (*Gen. 21:2, ABA*); en hy het die seuntjie Isak genoem (*lees verse 1-5*). Tog is Abraham se verhaal nog lank nie verby nie. Die hoogtepunt kom eers toe hy sy seun na Moria neem om hom daar te offer.

Die Here stuur egter ’n ram om (*Gen. 22:13*) in die seun se plek te sterf, en dui op God se verbintenisse tot die seën van die mensdom deur Abraham se “nageslag” (*Gen. 22:17, 18*). Dié nageslag dui eintlik op Jesus (*Hand. 13:23*). Hierdie verbasingwekkende (en in sekere opsigte, ontstellende) verhaal is ’n verdere openbaring oor die aard van die verlossingsplan.

Ongeag die geestelike lesse wat daardie dag geleer is, was Abraham se huishouding waarskynlik geskok oor dié verwikkeling. Skielik lyk Abraham se toekomst onseker. Sara sterf onmiddellik na die offer op Moria (*Genesis 23*) en Isak bly ongetroud.

Abraham doen egter die eerste stap om te verseker dat dinge m.b.t. sy nageslag wel “op dreef” bly. Hy reël dat sy seun met Rebekka trou (*Genesis 24*), wat hom uiteindelik twee kleinseuns skenk (*Gen. 25:21-23*); en Abraham self trou met Ketura, wat hom vele kinders baar (*Gen. 25:1-6*). Deur hierdie week se studie volg ons Abraham tot aan die einde van sy lewe (*Gen. 25:7-11*).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 21 Mei.*

Op die berg Moria

Lees Genesis 22:1-12 en Hebreërs 11:17. Wat beteken dié toets? Watter geestelike lesse kan 'n mens uit hierdie wonderbaarlike gebeurtenis put?

Genesis 22 word reeds as 'n meesterstuk beskou in wêreldliteratuur; en nie net teoloë het al inspirasie daaruit geput nie, maar ook filosowe en kunstenaars. Die betekenis van hierdie toets wat God aan Abraham gegee het, is egter moeilik om te ontsyfer. Dit weerspreek byvoorbeeld die latere verbod op menseoffers (*Lev. 18:21*). Vir die patriarg het dit seker gewis gelyk asof dit God se belofte van 'n ewige verbond deur Isak (*Gen. 15:5*) sou teëwerk.

Die vraag is dus: wat wou God met hierdie toets bereik? Waarom toets Hy Abraham op so 'n aangrypende wyse?

In die Bybel omsluit die begrip “toets” (wat *nissah* in Hebreeus is) twee uiteenlopende gedagtes. Dit verwys na die idee van *oordeel*, d.w.s. 'n diepgaande ondersoek om te bepaal wat in die binneste van die beproefde persoon aangaan (*Deut. 8:2*, vgl. *Gen. 22:12*). Dit bring egter ook die versekering dat God die persoon wat getoets of beproef word, genadig is (*Eks. 20:18-20*).

In dié geval bring Abraham se geloof in God hom by 'n gevaarlike punt uit, een waar hy die risiko loop om sy “toekoms” (d.w.s. sy nageslag) te verloor. Tog is hy bereid om te doen wat God vra, juis omdat hy die Here vertrou, hoe moeilik dit ook al is om al hierdie dinge te verstaan. Is geloof, per slot van rekening, nie die vertrou in die ongesiene en die haas onbegryplike nie?

Wat meer is, Bybelse geloof draai nie souseer om ons vermoë om dinge aan God te gee of om opofferings vir Hom te maak nie – hoewel dit ongetwyfeld 'n rol speel (*Rom. 12:1*). Nee, dit het meer te make met ons vermoë om op God te vertrou en om sy genade te ontvang, met 'n diepgaande besef van hoe onwaardig ons in werklikheid voor Hom is.

Dié waarheid word inderdaad in die daaropvolgende gebeure bevestig. Let op Abraham se goeie werke hier, sy geesdrif vir God, die pynlike reis wat hy saam met sy seun onderneem, selfs sy gewilligheid om die Here te gehoorsaam en sy allerbeste aan Hom te gee – tog kon geen van hierdie dinge hom red nie. Hoekom nie? – omdat die Here Self 'n ram vir die voorgenome offer voorsien het, een wat vooruitwys op Jesus, sy enigste hoop op verlossing.

Abraham moes dus die werking van genade verstaan het. Dit is nie die werke wat óns vir God doen wat ons red nie, maar eerder die werke wat GóD vir ons doen (*Ef. 3:8*, vgl. *Rom. 11:33*); en dit ten spyte van ons roeping tot die doen van goeie werke vir God, net soos Abraham van ouds, wie se dade juis 'n kragtige vergestaltung van hierdie waarheid is (*Jak. 2:2-23*).

Let op die verhaal van Abraham en Isak op Moria. Wat sê dit vir jou persoonlik oor jou geloof en hoe jy dit uitleef?

God sal voorsien

Lees Genesis 22:8, 14 en 18. Hoe het God die belofte dat Hy sal voorsien, nagekom? Wat het Hy voorsien?

Toe Isak sy pa oor die offerdier vra gee Abraham die besonder boeiende antwoord: “My seun, God sal sy eie offerlam voorsien” (*Gen. 22:8, NKJV*). Tog kan die Hebreeuse werkwoordelike vorm eintlik ook anders vertolk word: “God sal Homself as die lam voorsien.” Die werkwoord “voorsien” (*yir’eh lo* in die Hebreeus) word op so ’n wyse gebruik wat kan beteken “Self voorsien” (oftewel letterlik, “Homself sien” of “sal Self toesien dat”).

Wat ons dus hier het, is die verlossingsplan in ’n neutedop, met die Here Self wat ly en ons sondeskuld dra!

Lees Johannes 1:1-3 en Romeine 5:6-8. Hoe help hierdie verse ’n mens om te verstaan wat aan die kruis gebeur het, ’n gebeurtenis waarop hierdie offer op Moria vooruitwys?

Lank voor die kruis – daar op Moria – wys die offerram “wat aan sy horings in ’n bos vasgevang is” (*Gen. 22:13, NAB*) vooruit op Jesus. Hy is die een wat hier “voorsien” word, soos Abraham later verduidelik: “Op die berg van die Here word voorsien” (*Gen. 22:14, NAB; let ook op die moontlike Afrikaanse woordspeling hier; “voor” + “sien” = om vooruit te sien*). Jesus Self maak indirek melding van die profetiese woorde wat Abraham hier gebruik, en sê: “Abraham, julle voorvader, het hom daarvoor verheug dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly” (*Joh. 8:56, NAB*).

“Dit was om die werklikheid van die evangelie by Abraham tuis te bring, en ook om sy geloof te toets, dat God hom beveel het om sy seun om die lewe te bring. Die Here het toegelaat dat Abraham deur diep waters gaan in aanloop tot daardie angswekkende beproewingstoets, sodat hy persoonlik uit ervaring ’n idee kon kry van die omvang van die prys wat die ewige God ter redding van die mens sou betaal” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 154.

Hoe help hierdie gebeurtenis op Moria ’n mens om die kruis, en die lyding wat God ter wille van die mensdom deurgemaak het, beter te verstaan? Hoe behoort ons op die kruis te reageer?

Sara se dood

In Genesis 22:23 lees 'n mens van die geboorte van Rebekka, 'n voorloper-gebeurtenis vir die uiteindelijke troue van Isak en Rebekka jare later (*Genesis 24*). Net so gaan die nuus oor die afsterf en begrafnis van Abraham se vrou, Sara (*Genesis 23*), sy toekomstige troue met Ketura vooraf (*Gen. 25:1-4*).

Lees Genesis 23. Watter rol speel die verhaal oor Sara se dood en begrafnis in die vervulling van God se belofte aan Abraham?

Waar die Bybel van Sara se dood melding maak is dit direk na verhaal oor die offer op Moria, wat daarop sinspeel dat hierdie gebeurtenis 'n traumatiese uitwerking op haar gehad het. Dit het immers byna haar seun se lewe gekos. In 'n sekere sin het Sara Abraham se “beproeving” saam met hom deurgemaak, net soos al die omswerwinge en die enkele kere wat hy gefaal het in die geloof, wat sy ook saam met hom moes deurmaak (*Gen. 12:11-13*).

Sara was nie die soort vrou wat sou stilbly oor dinge wat vir haar belangrik was of wat haar gepla het nie (*vgl. Gen. 16:3-5; hfst. 18:15 en 21:9, 10*). Haar afwesigheid en stilswye, en selfs die tydsberekening van haar dood direk na die dramatiese gebeure op Moria, sê veel meer oor haar relevansie m.b.t. hierdie gebeure as haar fisiese afwesigheid. Die feit dat ons van Sara se hoë ouderdom lees (*Gen. 23:1*), en as 'n soort spieëlbeeld van Abraham se hoë ouderdom genoem word (*Gen. 24:1*), toon hoe belangrik sy in dié verhaal is.

Om die waarheid te sê, Sara is die enigste vrou in die Ou Testament wie se ouderdom genoem word, wat haar sentrale rol in dié verhaal toon. Die fokus op die aankoop van die grond vir Sara se graf (wat die grootste deel van die hoofstuk in beslag neem), pleks van haar dood, beklemtoon haar verbintenis met die Beloofde Land.

Die spesifieke verwysing dat sy “in die land Kanaän” (*Gen. 23:2, NAB*) gesterf het, wys ook dat sy met geloof in God se belofte oor daardie grondgebied gesterf het. Sara is die eerste van Abraham se mense wat in die Beloofde Land gesterf het en begrawe is. Abraham se kommer oor die feit dat hy 'n “vreemdeling en bywoner [is]” (*Gen. 23:4, NKJV*), en sy knaende argumentering met die seuns van Het, toon dat Abraham nie bloot 'n stuk grond vir Sara se graf wou aanskaf nie; maar dat sy vestiging in Kanaän vir hom die hoofsaak was.

Lees Genesis 23:6. Wat sê dit vir 'n mens oor die soort reputasie wat Abraham gehad het? Waarom is dit so belangrik as ons die taak waartoe die Here Abraham groep het beter wil verstaan?

'n Vrou vir Isak

Genesis 24 is die verhaal van Isak en Sara se troue na Sara se dood. Die twee verhale toon egter 'n verband.

Lees Genesis 24. Abraham wou nie hê dat sy seun met 'n Kanaänitiese vrou moes troue nie. Waarom het dit hom so vreeslik gepla?

Net soos Abraham die landstreek wou bekom ten einde sy vrou daar te begrawe, a.g.v. God se belofte dat sy nasate die land sou beërwe, dring die patriarg nou daarop aan dat Isak hom nie buite die grense van die Beloofde Land vestig nie (*Gen. 24:7*). Wat meer is, Isak se besluit om sy bruid na Sara se tent te bring, asook die feit dat Rebekka hom “ná die dood van sy moeder” (*Gen. 24:67*) getroos het, wys terug op Sara se dood, en impliseer Isak se pyn oor haar heengaan.

Die verhaal is vol gebede en gebedsverhoring, en verskeie lesse oor Goddelike bestiering en die vryheid van die mens. Dit begin by Abraham se gebed. Dié gebed, waarin hy by “die God van die hemel en die God van die aarde” sweer (*Gen. 24:3, OAB*), is eerstens 'n erkenning dat die Here die Skepper God is (*Gen. 1:1 en hfst. 14:19*), en hou direk verband met die geboortes van al Abraham se nasate, insluitende die Messias Self.

Die sinsnedes “sy engel” en “die God van die hemel” (*Gen. 24:7, OAB*) verwys terug na die Engel van die Here wat uit die hemel gekom het om te keer dat Isak om die lewe gebring word (*Gen. 22:11*). Die God wat in beheer van die heelal is, die Engel van die Here wat ingegryp het om Isak se lewe te red, sal die leiding gee oor 'n geskikte lewensmaat.

Die feit dat Isak se vrou dalk nie op God se roepstem sal reageer nie, is iets wat Abraham egter nie buite rekening laat nie. Ten spyte van God se almag, dwing Hy nie die mens om Hom te gehoorsaam nie. Die Here het dit so beskik dat Rebekka vir Eliëser volg, tog behou sy haar reg om te kies. Met ander woorde: die moontlikheid bestaan dat dié vrou nie saam met Eliëser sal wil gaan nie, en indien dit die geval is, sal sy nie daartoe gedwing word nie.

So hier het ons nog 'n voorbeeld van die dieptes van God: hoedat Hy die mens die reg gee om self te kies, om vrylik wilsbesluite te neem, 'n Godgegewe reg wat Hy nie bereid is om te vertrap nie. (Indien Hy dit sou doen, kan dit immers nie meer as vrye wil bestempel word nie.) Ten spyte van die praktiese realiteite van hierdie gawe, en die allerverskriklikste besluite wat ons soms a.g.v. daarvan neem, kan 'n mens nietemin steeds vertrou dat God se liefde en goedertierenheid op die ou einde wel sal seëvier.

Ten spyte van die feit dat nie al die mens se besluite strook met God se wil nie, is Hy nietemin steeds in beheer. Waarom is dié wete so vertroostend? Hoe is profesieë soos Daniël 2, om 'n enkele voorbeeld te noem, 'n bewys dat dit wel die geval is?

'n Vrou vir Abraham

Lees Genesis 24:67 tot hfst. 25:1-8. Wat is die betekenis van dié eindgebeure in Abraham se lewe?

Na Sara se dood trou Abraham weer. Net soos Isak bring dit hom vertroosting na Sara se dood (*Gen. 24:67*). Haar nagedagtenis was sekerlik nog lewendig vir die arme patriarg, net soos by sy seun.

Tog is die identiteit van sy nuwe vrou onduidelik. Die feit dat die skrywer van Genesis Ketura se seuns in dieselfde asem as dié van Hagar noem, en dit sonder om Ketura se naam te gebruik, impliseer egter dat Ketura moontlik (soos sommige bybelkenners meen) Hagar was. Let veral ook op Abraham se optrede teenoor Ketura se seuns. Dit stem ooreen met die wyse waarop hy Hagar se seun behandel het: hy stuur hulle weg om te keer dat haar seuns enige geestelike invloed in die huishouding het; en tref onderskeid tussen Sara se seun, Isak, en die ander seuns.

“Abraham het aan Isak alles gegee wat hy besit het” (*Gen. 25:5*) terwyl hy “aan die seuns van... [sy] byvroue... geskenke gegee [het]” (*Gen. 25:6, beide OAB*). Dié klassifikasie, “byvroue,” impliseer dat Ketura, net soos Hagar, dalk ook een was. Dat Ketura en Hagar dalk dieselfde persoon was, verklaar moontlik die subtile verwysing na die nagedagtenis van Sara as ’n soort inleiding tot sy troue met Ketura-Hagar.

Besonder interessant is die twee lyste in Genesis 25:1-4 en verse 12-18. Dit gee die name van die kinders aan wat Abraham by Ketura gehad het, asook Ismael s’n. Wat is die doel van die aparte geslagsregister na Abraham se troue met Ketura? (Ketura het immers ses seuns gehad, in vergelyking met die ander twee vroue wat onderskeidelik Isak en Ismael gehad het). Die drie lyste dien moontlik as ’n onmiddellike bewys dat God sy belofte aan Abraham nagekom het, dat hy inderdaad die vader van baie nasies geword het.

Die tweede geslagsregister is Ismael se nasate, wat ook uit 12 stamme bestaan het (*vgl. Gen. 17:20*), presies wat met Jakob sou gebeur (*Gen. 35:22-26*). God se verbond is natuurlik uitsluitlik met Isak se nageslag (*Gen. 17:21*), en nie Ismael s’n nie, wat die Bybel ook duidelik stel.

Die noem van Abraham se dood, wat tussen twee geslagsregisters geplaas word (*Gen. 25:7-11*), getuig ook van God se seënninge. Dit openbaar die vervulling van die belofte wat Hy jare tevore aan Abraham gemaak het: “Jy sal in vrede sterf en op ’n hoë ouderdom begrawe word” (*Gen. 15:15, NKJV*). Abraham het dus “baie jare [ge] lewe” (*soos Pred. 6:3 dit beskryf*).

Die Here hou by sy beloftes van genade aan sy getroue dienskneg Abraham, wie se grootse geloof in die Skrif opgeskrywe is; ’n geloof wat dalk as die grootste voorbeeld van redding deur geloof in die Ou Testament beskryf kan word (*lees Rom. 4:1-12*).

Vir verdere studie: Abraham was die buitengewone profeet met wie God sy planne gedeel het (*Gen. 18:17*). So betree God dus die menslike sfeer waarin Abraham bestaan; en maak deels Sy verlossingsplan, waarvolgens sy Seun 'n soendood sou sterf, aan hom bekend.

“Isak was 'n skadubeeld van die Seun van God, die God aan wie daardie soenoffer vir die wêreld se sondes gebring is. Die Here het Abraham die blye boodskap oor die verlossing van die mens op die hart gedruk. Hoe het Hy dit vermag, en sodoende die waarheid kennelik by die patriarg tuisgebring, asook sy geloof getoets? – Hy het Abraham aangesê om sy geliefde seun, Isak, te offer. Al die smart en angs wat Abraham in daardie pynlike en skrikwekkende beproewing deurgemaak het, het ten doel gehad om hom 'n diepe insig in God se verlossingsplan vir die mensdom te gee. Die onmeetbare dieptes van die eindelose God se selfopoffering, deur sy eie Seun se lewe op te offer sodat die mens van volslae ondergang gered kon word – hierdie dinge het Abraham persoonlik beleef en daarin insae gekry. Vir Abraham het geen sielsangs opgeweeg teen dié wat hy beleef het toe hy besluit het om die bevel te gehoorsaam om sy seun te offer nie” -Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, dee 3, bl. 369.

“Abraham het 'n ou man geword en was die dood te wagte. Tog moes hy 'n laaste taak uitvoer om die vervulling van die belofte, dat hy 'n nageslag sal hê, te verseker. Isak was die enigste persoon wat God aangewys het om in Abraham se voetspore te volg, as instandhouer van God se wet en as vader van God se uitverkore volk; maar hy was nog steeds nie getroud nie. Die inwoners van Kanaän het [egter] 'n voorliefde vir afgodery gehad en die Here het dus enige ondertrouery met hulle verbied, want Hy het gewet dat sulke huwelike tot afvalligheid sou lei. Abraham was diep bekommerd oor die plaaslike omgewing se verderflike invloede en die uitwerking wat dit op sy seun sou hê... Vir hom was die keuse van 'n vrou vir sy seun 'n gewigtige saak; hy was baie gretig dat Isak met iemand sou trou wat hom nie van God af sou weglei nie... Isak het op sy pa se wysheid en liefde vertrou, en was bereid om die saak in die patriarg se hande te laat. Boonop het hy ook geglo dat God Self sou seker maak dat alles na wense verloop” -Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 171.

Vrae vir bespreking:

- ❶ **Bespreek die volgende in klastyd: Abraham se gewilligheid om Isak te offer. Probeer jou die soort geloof voorstel wat in hierdie verhaal openbaar word. Wat is die verstommende, dog ook kommerwekkende deel van dié verhaal?**
- ❷ **Dink na oor die begrip “vrye keuse.” Waarom maak geloof geen sin daarsonder nie? Kan jy aan enige voorbeelde van vrye keuse in die Bybel dink, en hoedat God se wil, ten spyte van die swak wilsbesluite wat mense neem, uiteindelik wel [sal] seëvier?**